

Ontmoeting 12

Jakob se 12 seuns Drome en skelmstreke

Teks: Genesis 28:11-29

Hulpmiddels:

- Gesmelte sjokolade
- Sandboks en toiletpapierrol-figuurtjies om die storie te vertel
- Tongstokkies
- Kopieë van hulpmiddels,
- 'n Dun stukkie lap (sluier) en 'n klein bietjie olyfolie



WELKOM

1. 'n Speletjie gebaseer op kat en muis. Die groep maak 'n sirkel en hou hande vas. Binne die sirkel is een kind, ons noem haar Ragel. Buite die sirkel is 'n seun wat ons Jakob noem. Jakob moet probeer om in die sirkel te kom om Ragel te vang, maar die sirkel is Ragel se familie wat haar probeer beskerm deur die gapings tussen hulle klein te maak as Jakob naby kom. Om die speletjie interessant te maak, kan jy aan die einde nog 'n kind kies wat vir Jakob probeer vang terwyl hy vir Ragel jaag. Dit is Lea.
2. Indien die weer of lokaal dit toelaat, neem die groep na buite, gee hul kans om iewers op die gras te gaan lê en na die lug te kyk. Kom ons dagdroom 'n bietjie en gesels oor dinge waaroor ons al gedroom het.



WYDING

Temalied: "Nothing's too big" (<https://www.youtube.com/watch?v=8bsEgggn344>)

Stilword-ritueel:

Kinders lê op die grond en hou mekaar se hande vas. Sê: "Onthou: God bind ons as medegelowiges aan mekaar vas en ook aan ons aartsvaders Abraham, Isak en Jakob. Gee mekaar 'n handdruk om dit te erken en staan op/sit regop."



WOORD

Maak voor die tyd 'n "fop"-sjokolade deur 'n bol watte in sjokolade te doop. Sê vir die groep dat jy 'n heerlike malvalekker sjokolade het vir iemand wat wil proe. Laat hulle daaraan proe. Vra nou vir die groep of hulle al iemand verneuk het (ge-"trick" het). Is hulle al deur iemand anders ge-"trick"? Somtyds as jy iemand flous, is dit baie snaaks, ander kere kan iemand rêrig seerkry. Onthou julle verlede keer hoe Jakob sy pa geflous het? Esau was so kwaad dat hy Jakob wou doodmaak. Sy pa se hart was baie seer. Jakob moes vlug na sy oom Laban, wat in Haran gebly het.

Sandboks:

Jy benodig: Jakob; Laban; Ragel en Lea; 'n leer van roomysstokkies met engeltjies op en 'n wolk bo; 'n klip; skapies; sluier en olie (olyfolie).

Op pad na Haran het Jakob een aand teen sonder by 'n plek gekom waar hy kon slaap. Hy het sommer 'n klip vir 'n kopkussing gebruik. Hy het gedroom. In sy droom was daar 'n leer wat van die aarde af tot in die hemel gegaan het. Engele het

met die trap op en af geklim. Die Here kom staan toe by Jakob en sê vir hom: “Ek is die Here, die God van jou oupa Abraham en van jou pa Isak. Ek sal die grond waarop jy lê vir jou en jou kinders gee. Jou familie sal verskriklik groot word. Hulle sal so baie wees soos die stof van die aarde. Deur jou familie sal die hele wêreld My leer ken. Ek is by jou. Ek beskerm jou waar jy ook al gaan. *(Terwyl jy dit lees, sit jou hand bo-oor die Jakob-pop as teken van seën.)* Ek sal jou terugbring na hierdie land toe. Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou belowe het.”

Jakob het wakker geskrik en gesê: “Sowaar, die Here is op hierdie plek en ek het dit nooit besef nie!!” Jakob was skoon verskrik. Hy het gesê: “Hierdie is ‘n spesiale plek, dit is die huis van God. Hier het ek die hemelse deur sien oopgaan.”

Daardie oggend het Jakob die klip wat hy vir ‘n kopkussing gebruik het, regop neergesit. Hy het ‘n bietjie olyfolie op die klip gegooi omdat dit vir hom ‘n spesiale herinnering aan die Here was. Hy het die plek Bet-El genoem. Dit beteken ‘huis van God’. *(Sit ‘n klip regop en gooi die olyfolie oor die klip uit.)*

Jakob het uiteindelik by sy oom Laban aangekom en vir hom begin werk. Na ‘n maand het Laban vir Jakob gesê: “Jy is nou al ‘n maand hier en jy werk selfs vir my. Hoe kan ek jou betaal vir die werk wat jy vir my doen?” *(Fluister skelm:)* Laban het 2 dogters gehad. Die oudste se naam was Lea. Sy was nie eintlik mooi nie, siestog, maar sy het pragtige oë gehad. *(Lea se gesig-gie het net pragtige ogies op en ‘n sluier.)* Die jongste sussie Ragel was pragtig. Jakob was sommer dadelik dolverlief op Ragel. *(Plak ‘n rooi hartjie op Jakob se bors.)* Hy sê toe vir Laban: “Ek sal 7 jaar vir Oom werk as ek met Ragel mag trou.” Laban antwoord: “Dit is goed so.” *(Neem die Ragel- en Lea-poppies weg.)*

Die 7 jaar het vir Jakob gevoel soos ‘n paar daggies, want hy was baie lief vir Ragel. Toe die 7 jaar verby was, het hy vir Laban gesê: “Die 7 jaar is verby; ek wil nou met Ragel trou.”

Laban het ‘n groot bruilof gereël. *(Plaas 4 roomysstokkies in ‘n vierkant en gooi ‘n wit of goue lappie bo-oor. Plaas die Lea- en Jakob-poppe voor die tentjie. Lea het nou ‘n sluier (dun lappie) oor haar kop.)*

Toe die troue verby is, kom Jakob met ‘n skok agter dat hy al die tyd met Lea getroud is, en nie met Ragel nie. Laban het hom uitgevang. Briesend kwaad is Jakob na Laban toe: “Hoekom het Oom my verkul?? Ek het mos 7 jaar lank gewerk om met Ragel te trou.” Laban het geantwoord: “Jy verstaan nie ons gebruike nie. Hier by ons kan die jongste dogter nie trou voor die oudste dogter nie getroud is nie. Wag net ‘n week, dan kan jy met Ragel ook trou, maar dan moet jy nog 7 jaar vir my werk.” Na die week verby is, het Jakob met Ragel getrou.

Jakob het uiteindelik 12 seuns en 1 dogter gehad. Die Here het mos belowe dat hy baie kinders sal hê.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:


1. Ek wonder wat is vir jou belangrik in hierdie verhaal.
2. Ek wonder of jy aan ‘n tyd of plek kan dink wat vir jou ‘n spesiale herinnering aan God is.
3. Ek wonder hoe het Jakob gevoel toe hy geflous word (soos hy sy broer geflous het).



- ◆ Gebruik roomysstokkies en prentjies van engeltjies om die leer van Jakob se droom te bou. Skryf God se belofte aan Jakob op die stokkies neer. Ouer kinders kan die teks in die Bybel opsoek en daarop neerskryf: Gen 28:15.
- ◆ Laat die kinders Jakob se leer teken en inkleur, dit konsertina vou en uitknip.
- ◆ Die kinders kan engeltjies teken en uitknip, agterop stukkies strooitjies en ‘n geldstukkie (aan die onderkant) plak, ‘n toutjie deur die strooitjies ryg en dan die engeltjies aan ‘n deurknop ophang. Deur die toutjies te trek of te laat skiet, kan die engeltjie op en af (teen die leer) beweeg.

- ◆ Gebruik die sandboks en vertel weer die storie vir mekaar.
- ◆ Voltooi die doolhof om Jakob te help om by Ragel uit te kom.
- ◆ Neem 'n klip en skryf 'n belofte van God vir jou op die klip. Dis iets wat jy huis toe kan neem.

Sluit af met die seënbede.



flamecreativekids.blogspot

